# Keuses en nogmaals keuses

Deur Eben Rautenbach, PSG Wealth Adviseur

Ons is byna daagliks in 'n situasie waar ons keuses moet maak, wat dit ook al mag wees. Sommige keuses is moeilik en ander is weer maklik. Die moeilikes is gewoonlik dié waar ons onseker is oor wat die regte keuse is en hoe die prentjie vorentoe gaan lyk. Wanneer die impak van die keuse klein is, kan dit soms gemaak word deur 'n muntstuk op te skiet.

Wanneer ek met kliënte sit en hulle met welvaartbeplanning help, hoe en waar hulle moet belê, kan die besluite nie met die opskiet van 'n muntstuk bepaal word nie. Die resultaat kan rampspoedige gevolge hê. Die risiko van hierdie speletjie is net té groot.

Dieselfde geld ook wanneer jy self sulke keuses moet maak, byvoorbeeld: Gaan ek al my geld in 'n besigheid sit wat ek hoop gaan uitwerk? Of gaan ek al my geld iewers in die buiteland belê omdat ek nie meer glo aan 'n toekoms in die land waarin ek bly nie? Dit is belangrik om te onthou dat hierdie twee voorbeelde baie emosionele elemente bevat wat jy sal moet uitskakel wanneer jy keuses uitoefen.

Kom ons plaas dit in perspektief. Gestel dit is Februarie 2020 en jy het die kans om gebeure van die volgende drie jaar vooruit te kan sien. Jy sien Covid en inperkings kom, die plundering in KwaZulu-Natal, die oorstromings, die oorlog in Oekraïne, inflasie en rentekoerse wat die hoogte inskiet, beurtkrag wat Suid-Afrika op sy kop keer en besighede laat sneuwel. So kan ons nog 'n klompie gebeurtenisse hierby voeg.

Met inagneming van al hierdie faktore moet jy besluit waar om jou geld te plaas. Die algemeenste antwoord hierop sal onder jou matras of in die bank wees. Daar is net te veel vrees op die horison. Weereens kry ons emosies die oorhand.

Wanneer ons dan in Februarie 2023 op drie jaar terugkyk, het niemand geweet dat die beste plek Suid-Afrikaanse aandele sou wees gevolg deur buitelandse aandele en dan Suid-Afrikaanse effekte nie. Net so kan ons na ander tydperke kyk waar ons gedink het Suid-Afrikaanse aandele is die beste plek en agterna uitgevind het dit was nie.

"Dit is ook belangrik om te verstaan dat diversifikasie jou nie sal laat voel of jy die lotto gewen het nie; dit versprei wel risiko en help jou om by 'n doelwit uit te kom.

Wanneer ons na bateklasse kyk, kyk ons na prys en waarde en dit weerspieël potensiaal. Hoe dit presies oor die korttermyn gaan uitspeel weet niemand nie en daarom is die antwoord om te diversifiseer in alles wat goeie potensiaal het. Dit is ook belangrik om te verstaan dat diversifikasie jou nie sal laat voel of jy die lotto gewen het nie; dit versprei wel risiko en help jou om by 'n doelwit uit te kom.

## Dink mooi oor jou keuses

Ek lees anderdag weer 'n artikel oor die algehele ineenstorting van die Suid-Afrikaanse ekonomie, en dat mense aangeraai word om alle residensiële en genoteerde eiendomme te verkoop, alle bydraes tot aftree-annuïteite te staak, goud te koop, alle diskresionêre portefeuljes af te koop en die geld oorsee te belê. En so gaan dit aan.

Wat is die regte keuse? Niemand gaan weet nie. Die vraag is of die ineenstorting wel sal gebeur. Kan ek nou iets rondom dit beheer? En sê nou dit gebeur nie, en ek het al hierdie drastiese stappe geneem? Weereens, as ek diversifiseer, versprei ek my risiko.

Ek glo diversifikasie is 'n belangrike beginsel en strategie om toe te pas in jou boerdery, jou besigheid, hoe jy welvaart skep, en in menige ander situasies waar keuses uitgeoefen moet word.

Die inligting in hierdie artikel is nie finansiële, belasting-, regs- of beleggingsadvies nie en die maatskappye in die PSG Konsult Groep waarborg nie die geskiktheid of potensiële waarde daarvan nie. Aangesien individuele behoeftes en risikoprofiele verskil, stel ons voor dat jy jou gekwalifiseerde finansiële adviseur raadpleeg indien nodig. PSG Wealth Financial Planning (Pty) Ltd is 'n gemagtigde finansiële diensverskaffer (FDV 728).

Vir meer inligting, kontak Eben Rautenbach (PSG Wealth Bloemfontein Deale Road) by eben.rautenbach@psg.co.za of 072 958 5228.

Mondstuk van die Suid-Afrikaanse aartappelbedryf • Mouthpiece of the South African potato industry

# CHIPS

VOL 37 NO 4 • JULY / AUGUST 2023



## FRESH PRODUCE MARKETS: PACKAGING AND REPACKAGING TO PERFECTION

## KULTIVARPROEWE IN LIMPOPO, KWAZULU-NATAL EN OOS-VRYSTAAT

Resistance management of moths

Market monitor: First 22 weeks at fresh produce markets in 2023

Globally Harmonised System in context